DEEL 112 | WEEK 10 | 12 MAART | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

>>> BLADSY 2

**In fokus hierdie week - Finansies**

Heilbron besighede gee inligting en wenke oor belasting, beleggings, bemarking en Pastel.

>>> BLADSY 7

**Dirkie Uys - Ons vergeet nie**

Voorverlede Saterdag het Quarta die Voortrekkers se kranslegging by die Burgermonument voor die Moederkerk bygewoon.

>>> BLADSY 8

**64 Jaar al getroud**

Tom is vandag 'n ywerige boer naby Hoogte. Hy en Joey ervaar goeie gesondheid en geniet hul aftrede.

# TERUG OP DIE BASIS NA 27 JAAR IN DIE LUG




Johnie Smith het die week sy roemryke loopbaan in die bespuiting bedryf afgesluit en gaan dinge nou baie rustiger vat.

*Johnie Smith Lugbespuiting* bestaan al vir 27 jaar; maar soos alles, het dit ook 'n vervaldatum. Johnie het dus besluit om sy besigheid aan Orsmond Aviation te verkoop. Hy sê dat hy nie uit Frankfort gaan trek nie, maar dat sy ander blyplek in Hoedspruit vir hom ook 'n nuwe ervaring gaan wees.

Hy het nog kleiner spuitvliegtuie wat hom daar besig sal hou as die afgetrede leefstyl te veel word.




the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

Nature's Choice
Glutagon

Nature's Choice and Glutagon products in stock to maintain your gluten free diet

T 087 527 0723
063 721 4950
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff: 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!*

# In FOKUS hierdie week .... Finansies



**In FOKUS hierdie week… Finansies**

Ons het weer 'n paar besighede gevra om vir ons wenke of meer inligting te gee oor enige aspek van finansies, hier volg Louise Snyman van Louise Snyman Rekenmeesters se woorde oor:

LSR Louise Snyman REKENMEESTERS

**Is jou belastingsake in orde?**

Op 24 Februarie 2021 het Tito Mboweni, minister van finansies, die 2021 begroting gelewer.

In sy begroting sê hy: "*We owe a lot of people a lot of money*." Nasionale tesourie verwag om R1.21 biljoen minder te vorder as waarop hulle gehoop het gedurende die 2020/21 tydperk. Dit is R213 miljard minder as die verwagting gedurende die 2020 begroting.

Die regering verwag om R1.37 biljoen te vorder gedurende die 2021/22 tydperk. Dit is met dié aannames dat die ekonomie dieselfe presteer en dat die belastingbasis dieselfde bly.

**Wat gaan hulle doen om die belasting te vorder?**

SAID het 'n ekstra R3 miljard gekry oor die medium termyn waarmee hulle hul stelsels moet verbeter. Dit sluit in die modernisering van hulle inligtingstegnologie, gebruik van kunsmatige intelligensie en data analises. SAID is besig om hulle gespesialiseerde oudit en ondersoekvaardighede uit te brei. SAID gaan 'n toegewyde eenheid skep om die nakoming van individue met welvaart en ingewikkelde finansiële reëlings te verseker. Welvarende individue is reeds geïdentifiseer en sal gedurende April 2021 skrywes van SAID ontvang. Hierdie individue sluit in die wat inkomste genereer uit verskillende bronne.

SAID gaan inligting inwin deur derde partye. Hierdie derde partye sluit die nasionale voertuig register (eNaTIS stelsel) in, asook eiendomsregisters.

Dit is dus raadsaam om jou belastingsake in oënskou te neem en alles in orde te kry. Maak seker dat jou verklaarde inkomste ooreenstem met jou leefstyl en jou bankstate. Indien dit verskil mag jou naam net dalk op hulle kontaklys wees.

Kontak gerus vir Louise Snyman by LSR Rekenmeesters by 082 510 1939 of stuur 'n e-pos na louise@snymanrek.co.za om seker te maak jou belastingsake is op datum.

082 510 1939
louise@snymanrek.co.za
Ringer Str. 68, Heilbron

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
E&E REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
ezele@heilbron.co.za
Faks: 058 853 0934
Posbus 564, Breëstraat 53
HEILBRON, 9650

Hier volg E&E Rekenmeesters se woorde oor:

**Belasting op Toegevoegde waarde BTW**

Belasting op Toegevoegde Waarde is algemeen bekend as BTW. BTW is 'n indirekte belasting op die verbruik van goedere en dienste in die ekonomie. Inkomste word vir die regering gegenereer deur van bepaalde besighede en individue te vereis om vir BTW te registreer en dit op belasbare verskaffing van goedere en dienste te hef. Hierdeur word hulle ondernemers wat as agente namens die regering optree deur die BTW in te samel.

BTW word gehef op elke stadium van die produksie- en verspreidingsproses en is proporsioneel tot die prys gehef vir goedere en dienste.

BTW word tans gehef teen die standaardkoers van 15% op die verskaffing van die meeste goedere en dienste asook op die invoer van goedere. Die BTW op die invoer van goedere word deur die Departement van Doeane en Aksyns ingesamel. Daar is wel 'n beperkte reeks goedere en dienste wat aan BTW onderhewig is teen die nulkoers of wat vrygestel is van BTW.

**BTW Registrasies**

Dit is verpligtend vir 'n persoon of besigheid om vir BTW te registreer indien 'n omset van R1 miljoen in enige twaalf maande tydperk oorskry word. Met 'n omset wat R50 000 oorskry oor 'n twaalf maande periode, kan daar vrywilliglik vir BTW geregistreer word.

**BTW Indienings**

'n Ondernemer word vereis om BTW-opgawes in te dien en betalings te maak, of terugbetalings te eis, in die tydperk wat deur SAID bepaal word ten tye van die BTW registrasie. Die BTW-opgawes en –betalings word gewoonlik ingedien/gemaak voor of op die 25ste van die volgende maand. Laat indienings en betalings is onderhewig aan boetes en rente.

| Betalingsmetodes | Opgawe sperdatum | Betaling sperdatum |
|---|---|---|
| Betalings by ABSA, Albaraka Bank Beperk, Bank van Athene, ENB, HBZ Bank Bpk, Nedbank en Standard Bank. | 25ste | 25ste |
| Elektroniese Fonds Oorplasing (insluitend internet bankdientste) | 25ste | 25ste |
| Opgawe en betaling deur eFiling of Elektroniese Fonds Oorplasing (internet bankdienste) | Laaste werksdag | Laaste werksdag |

**Boerdery Nulkoers aankope**

Om boere by te staan het sekere produkte 'n nulkoers of is vrygestel van BTW. Voorbeelde van goedere wat teen nulkoerse aangekoop kan word, is: veevoere, vee medisyne, kunsmis, gif- en spuitstowwe asook saad. Dit is slegs toelaatbaar indien die boerderyonderneming in besit is van 'n BTW-registrasiesertifikaat wat die boerderyonderneming se reg om die goedere in Bylaag 2 teen nulkoers aan te koop, uiteensit.

Kontak gerus E&E Rekenmeesters by 058 853 0931/2/3 of stuur gerus 'n e-pos na ezele@heilbron.co.za vir enige vrae, registrasie en indiening van jou besigheid se belasting.



# In FOKUS hierdie week .... Finansies

Hier volg Zelna Naudé se woorde oor:

**Hoekom Sage Pastel Accounting?**

Sage Pastel het al in 1981 begin as 'n beskeie Britse onderneming en teen 1989 is Sage op die Londense aandelebeurs gelys.

Dit is dus 'n gevestigde stelsel wat oor en oor beproef is en wat regtig werk. Sage hou egter ook tred met nuwe tegnologie sowel as stelsels, prosedures en wetgewing rondom finansiële rekordhouding en bly aan die voorpunt met die ontwikkeling van hulle sagteware. Sagteware wat baie gebruikersvriendelik is en waarvoor daar puik opleiding bestaan! Lees gerus die volledige Sage Pastel "*About Us*" hier https://www.sage.com/en-za/about-us/

Ávrio Kursusse
My toekoms in my hande

Kontak vandag nog vir Zelna Naudé om jou Pastel kursus te bespreek – zelna@boekhoukursusse.co.za of 082 786 5690.

Hier volg Kobus Piek van Legacy Invest se woorde oor:

LEGACY INVEST
A legacy of wealth

**Beleggings:**

In die huidige ekonomiese klimaat, is "finansiële oorlewingsbeplanning" van onskatbare waarde. Dit is kernbelangrik dat u "kapitaal waarborge" oorweeg, veral op beleggings van 5 jaar en langer. Daar is wel beleggingsplanne op die mark wat steeds, ten spyte van die swak ekonomie, dubbelsyfer opbrengste lewer, afhangend van elke belegger se eiesoortige risiko profiel. Dit is raadsaam om jou beleggingsportefeulje te diversifiseer met blootstelling aan buitelandse en plaaslike markte. Sodoende is al jou "eiers nie in een mandjie nie".

Kontak gerus vir Kobus Piek by 082 254 8840 of stuur 'n e-pos na kobus@legacyinv.co.za vir enige navrae oor beleggings en ander finansiële raad.

Jolandri Mienie van Short Term Trust Makelaars skryf:

SHORT TERM TRUST
BROKERS ~ MAKELAARS

**Moenie dat die volgende storm jou onverwags betrap nie - verseker jou risko's reg!**

Korttermynversekering bied dekking vir onder andere jou persoonlike- en kommersiële risiko's - die gebou en inhoud, jou voertuig, alle risiko items, aanspreeklikheid en meer.

Let op die volgende afdelings om jouself te beskerm deur die volgende wenke ingedagte te hou:

**Vervangingswaarde** is belangrik, oud vir nuut - huidige items moet vir die nuwe waarde in die mark verseker word.

Hoe beter jou **sekuriteit** is, hoe goedkoper is jou versekering. Bring diefwering en sekuriteitshekke aan en koppel jou alarm aan 'n gewapende reaksie-eenheid.

**Self-verseker** items wat binne jou eie begroting sal val om te vervang.

**Instandhouding** is belangrik. Hou dus instandhouding op jou eiendom op datum. As jy skade het weens verwaarlosing, kan die versekering weier om uit te betaal. Versekeraars betaal slegs skielike onverwagte skade.

**Sit dit af** - tref voorsorg wanneer jy weggaan of wanneer daar onweer is. Skakel jou *geyser* af om skade te beperk as hy sou bars. Ontkoppel elektroniese toestelle om weerligskade te voorkom.

**Voertuie** - wees eerlik oor die volgende: wie is die gereelde bestuurder, was daar vorige eise, waar is die voertuig saans parkeer? Installeer 'n alarm en opsporingstelsel in voertuie om risiko te beperk. Maak seker jou lisensies is geldig en voertuie padvaardig. 'n Groter, vinniger en sterker enjin verhoog jou premie, asook sekere kleure verf. Die kleur van jou voertuig speel ook 'n rol – 'n wit voertuig se premie is byvoorbeeld goedkoper as 'n gekleurde voertuig se premie. Doen vooraf jou huiswerk wanneer nuwe voertuie aangekoop word.

Ekstra's moet ook gespesifiseer word en by die waarde van die voertuig bereken word. Moenie net kyk na premie nie, maar vergelyk ook die bybetalings van die onderskeie versekeraars, asook limiete van ingeslote dekkings soos byvoorbeeld slotte en sleutels.

**Alle risiko** dekking bied wêreldwye dekking vir enige risiko, spesifiek vir items wat daagliks of gereeld rondgedra word.

**Aanspreeklikheid** bied dekking vir wanneer jy verantwoordelik gehou word vir 'n ander party se skade as gevolg van nalatigheid. Baie belangrik - moet nooit namens jou versekeraar skuld herken nie. Skakel jou makelaar sodra jy 'n eis of dagvaardiging teen jou ontvang.

Gaan jou polisdokument en skedule deeglik deur om seker te maak dat die versekerde waardes van items reg is en dat jou dekking werklik op risiko's van toepassing is. Gesels met jou makelaar oor jou potensiële risiko's waarvoor jy wil voorsorg tref.

'n Makelaar is jou raadgewer - kom klop gerus by ons aan vir gerustellende raad. Short Term Trust Makelaars se personeel beskik tesame oor meer as 350 jaar se ondervinding. Ons bied 'n reeks versekeringsprodukte aan wat gemik is op individue asook klein, en medium ondernemings.

Ons spesialiseer onder meer in kommersiële versekering, agri-versekering, oesversekering, lewendehawe versekering, persoonlike versekering, vragversekering, vervoerkontrakteursversekering en reisversekering. Die vrug op jou harde arbeid is vir ons belangrik!

Kontak ons gerus vir 'n gratis kwotasie:
Jolandri Mienie by 079 846 1075, jolandri@stbrokers.co.za of
Liz-Mari Myburgh by 082 308 3379, liz-mari@stbrokers.co.za

Delareyz Smit by Heilbron Herald skryf oor Finansies en die aspek van bemarkingsstrategie:

**Bemarkingsstrategieë:**

Die era van vandag bied talle uitdagings in die sake gebied. Alle entiteite ervaar die resultate van finansiële druk as gevolg van omstandighede waarvan ons almal bewus is. Jare gelede was "*word of mouth*" goed genoeg om enige produk te verkoop of om vir klante volhoubare dienste te lewer. Sakelui moet voortdurend nuwe bemarkingsstrategieë beproef waarvan die resultate nie verseker is nie. Dit is talle kere bewys dat dit die moeite werd is om in bemarkingsmateriaal te belê.

Heilbron Herald bied 'n verskeidenheid bemarkingsmateriale aan wat aan elke geleentheid se behoeftes voldoen. Op markdag verseker ons jou stalletjie met 'n gazebo, baniere, naamborde en verskeie ander groot formaat advertering, by veilings kan jou personeel uitblink met gebrandmerkte oorpakke, hemde, pette en ander korporatiewe- en werksklere. Pamflette is effektief om klante te bereik met inligting, indien die Herald dit druk versprei ons dit gratis in die koerant. Kies tussen skryfbehoeftes, plakkers, prospektusse en nog vele meer! Moenie in 'n situasie beland waar jy nie eers 'n visitekaartjie het om vir jou klant te bied nie, kontak ons vandag nog en druk jou stempel af!

Heilbron Herald



# Op reis na (n)êrens

## OOM DANIE SKRYF... DEEL 3

deur Albie Schoeman

Grendelstraat 21
Locktown
2020

15 April 2020

Liewe dominee Braam

Dit is weer oom Danie. Voor ek begin kla, wil ek net sê die tannie se enkel gaan maar 'n tyd vat. Weet nie wanneer sy weer by die gras gaan uitkom nie. Dominee ek sê vir haar so met die kruk gaan sy nie gesny kry nie. Die krapmerke op haar sagte plekke voor lyk darem baie beter. Daai gesukkel oor die muur het maar sy tol geëis, as Dominee verstaan wat ek bedoel.
Ek en die tannie was gister bietjie uit winkel toe. Ag Dominee weet, goedjies soos waspoeier, toiletpapier en knoffel het begin op raak. Weet Dominee hoe duur het seeppoeier geword? Ek sê vir die tannie ons kan baie spaar op wasgoed as ons die onderklere in die kas los. Ons moet maar net mooi sit.
Het Dominee geweet jy spaar tien rand op toiletpapier as jy daai groot pakke van vier en twintig koop? Ek sê vir die tannie as ons net ses koop, spaar ons nog meer. Of hoe dink Dominee? Dis onnodig. Ons hol tog nie nou vinniger deur papier as voorheen nie. Maar Dominee ken die tannie, sy vee haar aan alles af.
Verder kan ons nie kla nie, ons het soveel om voor dankbaar te wees.
Het Dominee geweet knoffel help vir kieme? Die tannie se ouma het aan knoffel geglo soos aan die Bybel. Sy was mos 'n nooi Potgieter. Ek praat nou van baie jare terug. Die tyd toe dans nog sonde was. Sy het altyd gesê met knoffel kry die kieme die wind van voor.
Maar ek wou eintlik vir Dominee vertel van die winkel toe gaan. Die tannie wou eers nie dat ons met haar bra maskers gaan nie.



Sy sê hulle gaan vol kieme word, maar ek dink sy was net skaam, verstaan Dominee? Ek sê nee man niemand sal weet dis ons nie.
Met die dat die knoffel op was, gorrel ons toe bietjie Klipdrift voor ons ry. Dominee verstaan? Ek sê vir die tannie ons beter nie uitspoeg nie, die goed is bleddie skaars. Toe gorrel ons nog 'n keer of wat tot die tannie nie meer bang is vir die kieme nie.
Dominee ek kon voor my eie oë sien hoe die brandewyn die tannie se vrese besweer. Toe giggel ons weer soos laas en die tannie kies haar pienk bra waarvoor sy so lief is. As masker Dominee... Sy sê dit laat haar jonk lyk.
Dominee ek sê vir jou al is ons almal op hok gesit, die duiwel loop nog listig rond. Ek het my so geskaam. By die winkel loop 'n man met 'n bordjie om sy nek, maar nie op sy bors nie, agterstevoor op sy rug. Jy kan sommer sien hy is 'n regte windbol. Dominee ek skaam my dood maar ek gaan Dominee sê wat daar staan. Daar staan: "As jy kan ruik as ek wind, gaan die virus jou vind." Ek is jammer dat ek dit vir Dominee moet sê, maar soms moet mens die sonde op sy naam noem.
Maar wat my die vieste in gemaak het, is dat die tannie gedink het die windbol is snaaks. Sy giggel so dat die trane oor haar bra loop. Die pienke Dominee. Die een op haar gesig...
Dominee maar ek vererg vir my dat ek blind voor my sien. Ek gryp die trollie en vat die pad. In die verbygaan pluk ek my bra af en hoes die windbol vol in die gesig. Dominee ek weet nie wat my besiel het nie.
Die eerste ding wat in my kop kom, is 1 Korintieërs 13. Dit het my nog altyd tot ruste gebring. Toe ek by daai deel kom van "het ek 'n stuk klinkende metaal geword...," toe tref Oom die rak met die blikkieskos.
Ek dink nie ons gaan gou weer winkel toe nie, Dominee. Die man by sekuriteit sê ek is die derde een die week wat trolliewoede gekry het. Dink Dominee dit het iets met die inperking te doen?
Ons was darem gelukkig om als te kon kry. Die knoffel ook. Onder omstandighede gaan dit nog voor die wind al knor ek en die tannie so nou en dan vir mekaar. Meestal pla dit nie, maar as die atmosfeer te dik raak, maak ons maar 'n grappie om die lug te suiwer.
As Dominee verstaan wat Oom bedoel.
Haai wag, ek moet aangaan. Sê tog groete vir Mevroutjie. Ai Dooms ek is ongeskik. Ek vra nie eers nie. Gaan dit nog goed by die huis?

Groete.
Jou liewe oom Danie.

*(Dooms moet praat as Oom kan help met bietjie knoffel.)*

*Skets erkenning: Mia Marais*








# DIRKIE UYS - "ONS VERGEET NIE"



*• Quarta Pretorius*

Voorverlede Saterdag het ek die Voortrekkers se kranslegging by die Burgermonument voor die Moederkerk bygewoon.
Elna Cloete vertel vir die kinders die geskiedenis van die kinderheld D. C. Uys.
Ek staan totaal verstom, want ek het daardie geskiedenis nog nooit gehoor nie. Ek weet net van Dirkie Uys wat saam met sy pa by Italeni teen die Zoeloes geveg het. Elna sê sy het die inligting by die FAK gekry en Jan Danie Malan van FAK sê dat hy dit op Facebook gekry het.
Dadelik wil ek meer weet. My kinders sê altyd ek storm gewoonlik kop eerste in 'n ding in. Die plaas Zwakfontein word genoem en van so 'n plaas in Heilbron het ek ook nog nooit gehoor nie. Ek is dadelik museum toe want daar het ek boeke met plaasname en wie die eerste eienaars was.
In 1904 se boek kry ek Zwakfontein. Eienaar Cornelius Janse Uys, Zwakfontein, grootte 4 048 morg. Massief groot vir Heilbron. In 1909 en 1913 word die plaas ook genoem met eienaars C. J. Uys Snr, C. J. Uys Jnr en M. J. Uys. Alles goed en wel, maar waar is hierdie plaas?
Ek kontak beheerkamer en René noem aan my dat daar 2 plase was: een naby Vaaldam en die ander een in Edenville distrik aan die Renosterrivier. Ek kontak Basie Pienaar en Rudi Jacobs. Dit is blykbaar die derde afrit links - "Bwhana" ná die brug by Posdrif. Hierdie groot plaas is na al die jare opgedeel in kleiner plase en die naam Zwakfontein bestaan nie meer nie. Die oorspronklike plaas grens aan Rudie. Nou is die eerste probleem vir my opgelos. Ek het Piet Lombard gekontak oor die ander plaas naby Vaaldam. Hy verwys my na my Els geslagsregister wat ek in 1996 voltooi het. Bladsy 81. Hier kry ek die volgende inligting.
Wilhelmina Catharina Viljoen (Baby) is getroud met Cornelius Uys (Buks) van die plaas Zwakfontein. Een seun - Leon. Hulle woon op die plaas Bloemhof. In 1960 trek hulle Greylingstad toe en verkoop die plaas aan Johan Viljoen se pa, oom Johny. Vandag behoort Bloemhof aan my seun Ters. Ek kan oom Buks en tannie Baby onthou. Ek was nog in die skool toe hulle daar gebly het. Ek kry Leon se nommer by Johan Viljoen en hy gee vir my die volgende inligting. Oom Buks (C. J. Uys) se pa was Matthys Johannes Uys, klein Dirkie se broer. Buks Uys se oupa was C. J. Uys, die pa van klein Dirkie wat met sy 4 seuns oorlog toe gegaan het. Klein Dirkie het weggeloop en saam met sy pa gaan veg. Hy was toe 12 jaar oud.
Dirkie Uys is tydens een geveg in sy maag gewond. Die Engelse soldate het hom hospitaal toe geneem, waar hy oorlede is. Die Britse hospitaal was waar die Witskool en latere CVO skool was. Hy is begrawe in die Konsentrasiekamp Begraafplaas. Sy graf nommer is Blok B, Ry 6, Graf 19. Een van die Britse soldate het vir Dirkie se ma gaan wys waar hy begrawe is. Daar is later deur die Heilbron komitee van die Suid-Afrikaanse Burger Komissie vir hom 'n kopstuk opgerig. Sy naam is ook op die Burgermonument.
Nou is my nuuskierigheid bevredig. Elna en Jan Danie Malan - dit is nie dat ek julle nie geglo het nie.
Nuuskierig soos ek is, wou ek maar net dieper delf.



Postal address: PO Box 359
Physical address: Liebenbergstrek
**PARYS**
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 2046
e-mail: jordaanr@ngwathe.co.za

Ngwathe MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

**OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER**

Our Ref: Rates&Taxes

## PUBLIC NOTICE:

### USE OF RESIDENTIAL ZONED PROPERTY FOR COMMERCIAL / BUSINESS USE

This notice serves to inform the public / property owners within Ngwathe Local Municipal area of jurisdiction, that in terms of the Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004): Section 8(1) Subject to section 19, a municipality may in terms of the criteria set out in its rates policy levy different rates for different categories of rateable property, which may include categories determined according to the—
(a) use of the property;
(b) permitted use of the property; or
(c) geographical area in which the property is situated

Section 8(2) Categories of rateable property that may be determined in terms of subsection (1) include the following:
(a) Residential properties;
(b) industrial properties;
(c) business and commercial properties; etc.

We hereby appeal to Property Owners who are conducting business / commercial activity on properties that are zoned for residential purposes i.e. Guesthouse, Mechanical Workshops, Tuckshops etc., to update the thier municipal information with the correct use of property at Municipal Finance Department.

If, property owners failed to update their municipal information on/or before **30 April 2021**, municipality will impose fines and penalties as maybe determined by Council, upon finding during the data cleansing audit.

**BW KANNEMEYER**
**Municipal Manager**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 3 | 1 | | | | | 4 |
| 9 | | | | | | | | |
| | 2 | | 5 | | | | 1 | |
| 1 | | | | 8 | | | | |
| | | 8 | 7 | 3 | | | | 2 |
| | | 4 | | | 9 | | | |
| | 7 | 1 | | | 6 | | 4 | |
| 3 | | | | 5 | | | | 6 |
| | | 6 | | | 3 | | 9 | |

**SUDOKU**
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# ALFRED WORD TE RUSTE GELÊ



Alfred Clark-Halkett is in die ouderdom van 59 jaar oorlede. Hy laat na sy eggenote, kinders en kleinkinders. Die begrafnis vind plaas Saterdag, 13 Maart om 11:00 vanuit die AGS Kerk, Heilbron.


TYREMART

## TAKBESTUURDER

Binne Heilbron Bande Diens is daar ‘n vakature vir bogenoemde uitdagende pos.

**Suksesvolle kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-**
* Omvattende kennis van die bande industrie, sowel as industrie reels en regulasies * Betroubaar, stiptelik en lojaal
* Moet druk kan hanteer * Nougeset, deeglik, verantwoordelik en akkuraat

**Vereistes & Kwalifikasies:-** *Graad 12; 5 jaar Bestuursondervinding; *Rekenaar Ondervinding; 5 jaar ondervinding om mense te bestuur; Doelgerig en Kliënt georiënteerd; Leierskap en Personeelbestuur vaardighede; Kennis van die industrie reëls en regulasies kan ‘n voordeel wees; Goeie kommunikasievaardighede; Bestuur van alle bedryfs- aspekte, insluitende, Verspreidingsbedrywighede, Kliëntediens; Menslike Hulpbronne; Administrasie en Verkope; * Moet oor die vermoë beskik om in groepsverband te werk en by veranderende omstandighede aan te pas

**Verantwoordelikhede:-**
(1) Voorraadbeheer – Bestuur voorraad verliese, Bestuur stadig lopende- en stilstaande- voorraad, bestellings, Krediteure
(2) Menslike Hulpbronne, Arbeid en Personeel – Bestuur personeel, Administrasie, Dissiplinêre Aksies, Verlowe, Oortyd en Salarisse, Kennis van die Wet op Gesondheid en Veiligheid en Kennis van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes
(3) Debiteure – Bepaal, in stand hou en vergroot van kliënte basis, alle debiteure verwante funksies
(4) Verkope – Identifiseer nuwe/verdere verkope/ dienslewering geleenthede, Bou klanteverhoudings, Teiken en doelgerig wees, Opstel en ontleding van verkoopsyfers
(5) Instandhouding – Instandhouding van geboue, perseel en toerusting
(6) Finansies – Opstel en monitering van begroting, uitgawes en tydige optrede
(7) Algemeen – Toesien dat die dag tot dag bedrywighede glad verloop

**Sluitingsdatum:-** 25 Maart 2021 om 10:00
**Belangstellendes:-**
Stuur u CV/aansoek aan/vir
A. Barnard, e-pos: admin1@telwiedre.co.za



TYREMART

## BRANCH MANAGER

Within Heilbron Bande Diens there is a vacancy for the above-mentioned challenging position.

**Successful candidates must have the following characteristics: -**
* Comprehensive knowledge of Industry, as well as industry rules and regulations * Reliable, punctual and loyal
* Capable to work under pressure * Meticulous, careful, responsible and accurate

**Requirements & Qualifications:-** *Grade 12 *5 years’ experience in a management role *5 years’ experience managing people * Computer literate; * Ability to meet Sales Targets *Excellent Organizational Skills * Result driven and customer focused *Leadership and Human resources management skills *Familiarity with Industry’s rules and regulation can be an advantage *Strong communication skills * Direct all Operational aspects including Distribution Operations, Customer Service, Human Resources, Administration and Sales * Team player with ability to deal with changing priorities abilities

**Responsibilities:-**
(1) Stock Controlling - Eliminate stock losses, Manage slow movers & dead stock, ordering, Monitoring, Credit notes,
(2) HR, Labour & Personnel – Manage staff, Administration, Disciplinary Actions, Leave, Overtime & Salaries, Health & Safety, BCEA,
(3) Debtors – Establishing, maintaining and expanding customer base, all debtors related functions
(4) Sales – Identify new/further sales/service opportunities, Build customer relations, Reach targets and goals, Compiling & analyzing sales figures
(5) Shopkeeping - Housekeeping and upkeep of facility and equipment
(6) Financial – Create & Monitor budget allocation, expenditure & controls promptly
(7) General – Responsible for the smooth running of day to day operations

**Closing date:-** 25 March 2021 at 10:00
**Those interested:-**
Send your resume/application to/for
A. Barnard, e-mail: admin1@telwiedre.co.za




# KROONSTAD KREUN ONDER ROLBAL SPELER

Die afgelope naweek het die Vrystaat Rolbal Federasie hul eerste groot toernooi by Kroonstad rolbalklub aangebied, 150 rolbal spelers van Xhariep, Oos en Noord Vrystaat het hier teen mekaar meegeding.

Heilbron Rolbalklub is verteenwoordig deur Hannalie Claassen asook ons twee junior spelers Elanie en DJ Steyn.

Noord Vrystaat se senior spanne kon uiteindelik as algehele wenners uit die stryd tree en die klub is trots daarop dat een van ons spelers ’n bydrae kon maak om as wenner uit die stryd te tree.

Beide Elanie en DJ het ook goeie rolbal gespeel en sal beslis dop gehou word as toekomstige senior spelers.

Elanie en DJ is ook gekies om aan die volgende junior toernooi in Bloemfontien deel te neem.

Vrydagaand 12 Maart sal die volgende besigheidsliga weer aangebied word. Hierdie byeenkoms beloof om weereens iets besonders te wees.

Die byeenkoms wat twee weke gelede sou plaasvind moes gekanselleer word as gevolg van reën, miskien was dit ’n bedekte seën want intussen het nog twee spanne bygekom sodat ’n vol baan van 14 spanne mekaar die stryd sal aansê.

Met oorspronklike name soos Vleispaleis, Wats News, Broom Brigade, VVV, Power Hour, Op en Wakker, Iveco, John Deere, Sewende Laan en Wyn Trein sal hierdie ’n Vrydagaand wees om te beleef en te onthou en, natuurlik ’n hamburger teen R30 is besoekers net so welkom. Jy sal egter jou hamburger vooraf moet bestel by Hannalie (079 040 0531) anders gaan jy “uitloose”.

Sien jou daar.



*Op die foto van links: Elanie Steyn, Hannalie Claassen en DJ Steyn.*

# KOM ONS STOP DIE GATE TOE!

Die tyd het aangebreek om daadwerklik op te tree en nie afhanklik te wees van owerhede om jou roetes toeganklik te hou nie.

Die teerprojek was vir lank op volspoed. Dit was behartig deur oom Daan van San-Jo’s. Nadat Danie du Plessis verlede jaar te ruste gelê is kan jy egter ook sien hoe die dorpspaaie agteruit gegaan het. Daar word nou versoek dat ’n sakepersoon die projek sal hervat en bestuur. Daar word nie net ’n bestuurder vir die projek benodig nie, maar ook bydraes en materiale om die projek weer aan die gang te kry. Daar sal eers gefokus word op die hoofroetes na die skool en sentrale sakegebiede. Alle Heilbronners sal uit die projek baat as almal saam staan en betrokke raak. Maak die regte keuse en maak ’n verskil! Donasies kan by Heilbron Herald gemaak word of inbetaal word in die bankrekening van die Heilbron Herald. Die fondse was deur John Watson en Danie hanteer. Rekeningbesonderhede is onderaan die berig.



Nadat La Nina met die baie reën ons getref het, is nie net teerpaaie in ’n slegte toestand nie, maar is verskeie grondpaaie ook onrybaar. Daleen Linde deel met Heilbron Herald foto’s van die swak toestand waarin die R707, Petrus Steyn na Frankfort, grondpad is. Sy vertel dat voertuie gereeld vassit. Die pad is ontoeganklik vir swaarvoertuie, ligte voertuie en selfs 4x4 voertuie. Padgebruikers word aangeraai om nie die pad te gebruik nie. Die boere in die omgewing is raadop. Die feit dat geen noodvoertuig in die omgewing sal kan uitkom nie, maak die inwoners bekommerd oor hul veiligheid op plase.

Vrystaat Landbou het Woensdag ’n beroep op motoriste gedoen om eise teen die department van polisie, paaie en vervoer in te dien wanneer hulle skade en verliese ly weens die haglike toestand van al die paaie in die Vrystaat.

Verskeie gemeenskapslede is woedend nadat dit die soveelste motorongeluk is as gevolg van swak paaie wat daartoe gelei het dat ’n jong onderwyser van Vrede op die R103 gesterf het. Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou, versoek dat die publiek gebruik maak van die eisprosedure vir skade aan ’n voertuig. Maak gebruik van die eisvorm soos voorsien deur die department.

Hy versoek dat die voltooide dokument na indiening by die department ook aan Vrystaat Landbou gestuur word by info@vslandbou.co.za vir rekorddoeleindes.

**Rekeningbesonderhede:**
Rekening naam:
Heilbron Herald
ABSA
Takkode: 334336
Tjekrekeningnommer
920 380 131
BELANGRIKE verwysing:
“Hbn Teerprojek”





# HERALD SPORT

## HULLE HET HARD GEWERK VIR HUL BEKERS

Die kampioenskappe van 2021 het vanjaar uitstekende gholf opgelewer in al die afdelings. Wenners van die C-afdeling en juniors het 37 putjies nodig gehad om die kampioen te bepaal. Jackie Leonard het sy titel as die 2021 klubkampioen suksesvol verdedig met 'n telling van 147 houe. Gerrie Muller speel sy bestendigste gholf óóit en wen die B-afdeling met 'n telling van 160 houe. Johan Nelson en Willie Pretorius eindig gelyk met 189 houe na 36 putjies in die C-afdeling. Willie verloor ongelukkig die eerste uitspeelputjie wat aan Johan die beker besorg. Dries Cilliers wat 'n skaars gesig was die afgelope tyd, maak sy terugkeer met 'n *bang* en wen die seniors met 82 houe oor 18 putjies.

Die dames afdeling is deur Telanie Strydom gewen met 101 houe. In junior gholf is daar ook 'n oplewing en gaan dit hierdie jaar as 'n sport by Hoërskool Heilbron aangebied word. Gerhardu Lourens wen na 'n ekstra uitspeel putjie vir Christiaan Muller met 'n telling van 95 houe. In die HBA *monthly mug* moes die manne dit ook uitspook. Dries Cilliers en Henry van der Merwe eindig gelyk met 69 netto. Dries kon eers na drie uitspeel putjies sy hande op die *monthly mug* lê.



*Heilbron Gholfklub se kampioene vl: Jackie Leonard, Dries Cilliers, Telanie Strydom, Johan Nelson, Gerrie Muller en Gerhardu Lourens.*

## JAGTERSVERENIGING OPEN VIR 2021

Die Riemland Heilbron tak van die Vrystaat Jagtersvereniging het Saterdag 6 Maart 2021 hul eerste skietdag vir die jaar aangebied. Dit was ‘n kolskootdag en 35 lede het dit bygewoon. Die dag is deur almal geniet.

Die beste skuts in die onderskeie afdelings is soos volg:

Jaggeweer: ‘n Splinternuwe lid en boonop alweer ‘n dame - Chane du Plessis.


.22 geweer: Jan Snyman.

Haelgeweer: Kobus Fourie, JM Joubert en Jan Snyman het al drie voltalle geskiet.

Handwapen: JM Joubert.

Die volgende skietoefening sal plaasvind op 17 April 2021 as alles volgens plan verloop.

Hiermee doen ons dan ook ‘n beroep aan alle lede om meer gereeld die skietoefeninge by te woon.











### BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 16 MAART 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 17 MAART 2021**

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 18 MAART 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**VRYDAG - 19 MAART 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**SATERDAG - 20 MAART 2021**

POTCHEFSTROOM: EXTREME BRAHMANE
Produksieveiling
167 Beeste
11:00, Katdoornbos, Potchefstroom
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB Louwid

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**